

Hoofstuk X

'N ONDERSOEK NA DIE PRAKTIESE OPLEIDING VAN ONDERWY= SERS, UITGEVOER ONDER DOSENTE VAN TRANSVAALSE OPLEI= DINGSINRIGTINGS

1. Die vraelys aan dosente¹⁾

Die vraelys aan dosente is verdeel in twee afdelings, te wete afdeling A wat beoog om die algeme= ne kenmerke van die onderzoekgroep vas te stel en af= deling B wat die verskillende fasette van dosente se bydrae tot en menings oor die praktiese opleiding van onderwysstudente wil ondersoek.

a. Afdeling A : Algemene besonderhede

Hierdie afdeling bevat twee vrae, wat in die eerste plek bedoel is om die algemene ken= merke van die onderzoekgroep vas te stel en tweedens om die antwoorde volgens die betrokke groepeerings te ontleed.

Vraag A1 wil die onderzoekgroep indeel volgens die inrigtings waaraan hulle verbonde is sodat die antwoorde volgens inrigtings ontleed kan word.

Vraag A2 wil die hoeveelheid ondervinding wat die respondente van onderwysersopleiding het, vas= stel, sodat ook bepaal kan word of en in watter mate ervaring van onderwysersopleiding 'n rol speel in die

1) Kyk bylae B.

wyse waarop dosente die praktiese opleiding van onderwysstudente benader.

b. Afdeling B : Die praktiese opleiding van onderwysstudente

In vraag B1 word nagegaan in watter mate dosente gebruikmaak van die verskillende soorte demonstrasielesse asook watter mate van sukses met die onderskeie soort lesse behaal word.

Vraag B2 ontleed die mate van samewerking wat dosente van skoolhoofde en onderwysers ontvang.

Vraag B3 wil vasstel volgens watter stelsels die dosente se besoeke aan studente gereël word.

Vraag B4 en B5 wil die verskillende wyses van bespreking van studente se kritieklesse ontleed en die mate van sukses van die verskillende praktyke vasstel.

In vraag B6 word beoog om die wyses waarop dosente kritieklesse van studente beoordeel, te ontleed.

In vraag B7 word vasgestel in watter mate dosente die geleentheid skep om ondervindings en probleme wat studente tydens oefenonderwystydperke opgedoen het, agterna te ontleed en te bespreek sodat dit tot voordeel van alle studente kan wees.

Laastens wil in vraag B8 die waarde wat oefenonderwys vir dosente het, vasgestel word.

TABEL 62.

VERTEENWOORDIGING VAN DIE VERSKILLENDE OPLEIDINGSINRICHTINGS
IN DIE DOSENTE-ONDERSOEKSGROEP.

OPLEIDINGSINRICHTINGS	UNIVERSUM	VOLTOEGE VRAEELYS- TE GEBRUIK	PERSENTASIE PER INRICHTING
Universiteit A.	5	4	80.0
Universiteit B.	20	3	15.0
Onderwyskollege A.	78	17	21.8
Onderwyskollege B.	135	40	29.6
Onderwyskollege C.	60	30	50.0
Onderwyskollege D.	106	35	33.0
Kollege A.	1	-	-
Kollege B.	1	-	-
Kollege C.	20	6	30.0
TOTAAL.	426	135	31.7

TABEL 63.

VERDELING VAN DIE DOSENTE-ONDERSOEKSGROEP VOLGENS
INRICHTINGS.

OPLEIDINGSINRICHTINGS	ONDERSOEKSGROEP		UNIVERSUM	
	GROOTTE	% VAN 135	GROOTTE	% VAN 426
Universiteit A.	4	3.0	5	1.2
Universiteit B.	3	2.2	20	4.7
Onderwyskollege A.	17	12.6	78	18.3
Onderwyskollege B.	40	29.6	135	31.7
Onderwyskollege C.	30	22.2	60	14.1
Onderwyskollege D.	35	25.9	106	24.9
Kollege A.	-	-	1	0.2
Kollege B.	-	-	1	0.2
Kollege C.	6	4.4	20	4.7
TOTAAL.	135	100.0	426	100.0

... Die algemene kenmerke van die onderzoekgroep

In teenstelling met die steekproef uit die studente-universum, is die onderzoekgroep uit die dosente-universum in die suiwer statistiese sin van die woord nie 'n steekproef nie. Daar moes rekening gehou word met die feit dat dit uiters moeilik sou wees om 'n betroubare ewekansige steekproef van die dosente te verkry. Die rede is dat dit veral by die inrigtings met 'n groot getal dosente moeilik sou wees om die samewerking van alle persone te kry wat as lede van 'n steekproef aangewys sou word. Daar is gevolglik besluit om die meewerkende personeellid by elke inrigting te versoek om aan elke beskikbare dosent 'n vraelys te oorhandig. Hierdie persone sou dan elkeen self vir die versameling van die voltooide vraelyste by hulle inrigtings reël.

Die voltooide vraelyste wat op hierdie wyse van die verskillende inrigtings ontvang is, is dus afkomstig van dosente wat óf besonder geïnteresseerd in die ondersoek was óf om ander redes die vraelys voltooi en aan die meewerkende personeellid oorhandig het.

a. Verdeling van die onderzoekgroep volgens inrigtings

In tabel 62 word die verteenwoordiging van die verskillende Transvaalse inrigtings wat uitersluitlik of onder andere onderwysers oplei, in die onderzoekgroep, aangetoon.

TABEL 64.

VERDELING VAN DIE DOSENTE-ONDERSOEKGROEP VOLGENS
DOSEERERVARING IN JARE.

DOSEERERVARING IN JARE	ONDERSOEKGROEP	
	GROOTTE	% VAN 135
0 - $\bar{1}$	9	6.7
1 - $\bar{2}$	6	4.4
2 - $\bar{5}$	34	25.2
5 - $\bar{10}$	48	35.6
10 - $\bar{20}$	28	20.7
20+	10	7.4
TOTAAL.	135	100.0

1)

- 1) In hierdie tabel en in volgende soortgelyke tabelle beteken die interval 0 - $\bar{1}$ minder as een jaar, 1 - 2 beteken van 1 tot net minder as 2 jaar, ens. Kyk Schumann, D.E.W. en Bouver, B. : Inleiding tot die statistiek, p. 19.

Soos blyk uit die besonderhede van tabel 62 word kolleges A en B nie in die ondersoekgroep verteenwoordig nie. Aangesien daar by albei hierdie inrigtings ten tye van die ondersoek slegs een dosent vir die oefenonderwys van elke inrigting verantwoordelik was, is besluit om die twee inrigtings in hierdie hoofstuk buite rekening te laat.

Volgens tabel 62 verteenwoordig die ondersoekgroep van 135 respondente 31.7% van die dosente-universum. Hierdie persentasie vergelyk goed met dié van die steekproef uit die studente-universum, w. 32.4%.¹⁾

Alhoewel die ondersoekgroep nie as 'n ware steekproef beplan is nie, blyk dit uit die gegewens van tabel 63 dat daar tog 'n redelike mate van ooreenkoms tussen die persentuele waardes van die ondersoekgroep en die universum is.

b. Verdeling van die ondersoekgroep volgens doseerervaring

Tabel 64 toon by ontleding dat die ondersoekgroep grootliks uit ervare dosente bestaan, aangesien 63.7% van die respondente vyf en meer jare ervaring van onderwysersopleiding het. 88.9% van die respondente het twee en meer jare ondervinding.

Aangesien die verdeling van die dosente-universum volgens ervaring van onderwysersopleiding nie vasgestel kon word nie, kan hierdie besonderhede van die ondersoekgroep nie met die universum vergelyk word nie.

1) Kyk tabel 1.

c. Samevatting

Samevattend kan die ondersoekgroep beskryf word as 'n groep dosente verbonde aan sewe Transvaalse inrigtings wat uitsluitlik of onder andere onderwysers oplei. Die ondersoekgroep bestaan grootliks uit dosente met wye ervaring van onderwysersopleiding en toon ten opsigte van die inrigtings se persentuele verteenwoordiging 'n redelike mate van ooreenkoms met die persentuele verteenwoordiging van die inrigtings in die universum.

3. Die praktiese opleiding van onderwysstudente¹⁾

a. Die gebruik van demonstrasielesse

In hierdie afdeling van die ondersoek is probeer om vas te stel van watter metodes dosente gebruik maak om demonstrasielesse aan studente te gee of te laat gee en hoe suksesvol hulle die verskillende metodes vind.²⁾

1) Die antwoorde op die vrae in afdeling B van die vraelys is in alle gevalle eerstens volgens inrigtings vergelyk. Uit die inrigting-gewens is die algemene ontleding en die ontleding volgens inrigtings gedoen. Al die vrae is vervolgens ook volgens dosente se doseerervaring vergelyk. Alhoewel al die gegewens volgens doseerervaring beskikbaar is, is slegs die een geval wat duidelik waarneembare verskille aangetoon het, in die tabel opgeneem en bespreek. (Kyk tabel 85.)

2) Kyk bylae B, vraag B1 a en b.

TABEL 65.

HOE DIKWELS DOSENTE STUDENTE LAAT LES GEE AAN MEDESTUDENTE ASOF HULLE 'N SKOOLKLAS IS.

VOLGENS INRIGTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 GEREELD		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Univ. A.	2	50.0	2	50.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	4
Univ. B.	0	0.0	1	33.3	0	0.0	1	33.3	1	33.3	0	3
OK. A.	2	11.7	9	52.9	3	17.6	2	11.7	1	5.8	0	17
OK. B.	13	32.5	6	14.9	10	25.0	8	20.0	2	5.0	1	40
OK. C.	2	6.6	10	33.3	14	46.6	2	6.6	2	6.6	0	30
OK. D.	9	25.7	11	31.4	9	25.7	4	11.4	2	5.7	0	35
Koll. C.	0	0.0	2	33.3	2	33.3	0	0.0	2	33.3	0	6
TOTAAL.	28	20.7	41	30.3	38	28.1	17	12.5	10	7.4	1	135

TABEL 66.

HOE DIKWELS DOSENTE STUDENTE LESSE AAN SKOOLKASSE LAAT GEE, TERWYL MEDESTUDENTE EN DOSENT DIE LESSE BYWOON (KRITIEKLESSE TYDENS OEFENONDERWYS UITGESLUIT.)

VOLGENS INRIGTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 GEREELD		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Univ. A.	4	100.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	4
Univ. B.	2	66.6	1	33.3	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	3
OK. A.	13	76.4	2	11.7	0	0.0	0	0.0	2	11.7	0	17
OK. B.	29	72.5	6	14.9	3	7.4	1	2.5	0	0.0	1	40
OK. C.	25	83.3	1	3.3	2	6.6	0	0.0	1	3.3	1	30
OK. D.	28	80.0	4	11.4	1	2.8	1	2.8	0	0.0	1	35
Koll. C.	4	66.6	0	0.0	0	0.0	2	33.3	0	0.0	0	6
TOTAAL.	105	77.7	14	10.3	6	4.4	4	2.9	3	2.2	3	135

Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vrae is saamgevat in tabelle 65-69.

In die eerste plek moes vasgestel word hoe dikwels dosente die studente laat lesgee aan medestudente asof hulle 'n skoolklas is, terwyl die dosent die les beoordeel.

Uit 'n algemene ontleding van tabel 65 blyk dat 51.0% (1+2) van die respondente verklaar dat hulle nooit of slegs af en toe van hierdie metode gebruik maak. Slegs 7.4% pas die metode gereeld en 12.5% pas dit dikwels toe.¹⁾

Uit die antwoorde volgens inrigtings kan geen duidelike neiging vasgestel word nie.

Tweedens moes vasgestel word hoe dikwels dosente 'n student lesse aan skoolklasse laat gee, terwyl die dosent en die medestudente die les dophou. 'n Ontleding van tabel 66 toon dat 77.7% van die dosente glad nie van die metode gebruik maak nie.²⁾ Slegs drie dosente van twee onderwyskolleges rapporteer dat hulle gereeld sulke lesse reël, terwyl 'n verdere vier dosente van drie onderwyskolleges dit dikwels reël.

Vervolgens is probeer vasstel hoe dikwels dosente self demonstrasielesse vir studente gee. In tabel 67 word aangetoon hoe dikwels dosente by die oplei-

1) Kyk ook tabel 9.

2) Kyk ook tabel 10.

TABEL 57.

HOE DIKWELS DOSENTE SELF DEMONSTRASIELESSE VIR STUDENTE BY DIE OPLEIDINGSINRICHTING GEE, ASOF DIT AAN 'N SKOOLKLAS GEGEE WORD.

VOLGENS INRICHTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 GEREELD		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Univ. A.	2	50.0	1	25.0	1	25.0	0	0.0	0	0.0	0	4
Univ. B.	2	66.6	0	0.0	0	0.0	1	33.3	0	0.0	0	3
OK. A.	5	29.4	4	23.5	5	29.4	2	11.7	1	5.8	0	17
OK. B.	19	47.5	1	2.5	6	14.9	10	25.0	3	7.4	1	40
OK. C.	3	10.0	7	23.3	10	33.3	7	23.3	3	10.0	0	30
OK. D.	10	28.5	9	25.7	7	20.0	6	17.1	3	8.5	0	35
Koll. C.	1	16.6	1	16.6	4	66.6	0	0.0	0	0.0	0	6
TOTAAL.	42	31.1	23	17.0	33	24.4	26	19.2	10	7.4	1	135

TABEL 68.

HOE DIKWELS DOSENTE SELF DEMONSTRASIELESSE VIR STUDENTE BY DIE OPLEIDINGSINRICHTING OF BY 'N SKOOL GEE, WAAR SKOLLEERLINGE DIE KLAS UITMAAK.

VOLGENS INRICHTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 GEREELD		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Univ. A.	3	75.0	1	25.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	4
Univ. B.	3	100.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	3
OK. A.	10	58.8	3	17.6	2	11.7	1	5.8	0	0.0	1	17
OK. B.	29	72.5	3	7.4	0	0.0	5	12.5	2	5.0	1	40
OK. C.	26	86.6	2	6.6	0	0.0	0	0.0	1	3.3	1	30
OK. D.	26	74.2	5	14.2	2	5.7	2	5.7	0	0.0	0	35
Koll. C.	5	83.3	1	16.6	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	6
TOTAAL.	102	75.5	15	11.1	4	2.9	8	5.9	3	2.2	3	135

dingsinrigtings demonstrasielesse aan studente gee asof dit aan 'n skoolklas gegee word. Dit blyk dat 7.4% dit gereeld en 19.2% dit dikwels doen. 48.1% (1+2) volg nooit of selde hierdie metode.¹⁾ Uit die antwoorde van die verskillende inrigtings blyk dit dat die 10 dosente (7.4%) wat verklaar dat hulle gereeld sodanige demonstrasielesse aanbied, almal aan provinsiale onderwyskolleges verbonde is.

In tabel 68 word aangetoon hoe dikwels dosente self demonstrasielesse by die opleidingsinrigtings of by 'n skool lewer waar skoolleerlinge die klas uitmaak. Dit blyk duidelik dat hierdie metode baie minder toegepas word as die vorige, aangesien 86.6% (1+2) van die respondente „nooit” of „af en toe” antwoord in vergelyking met 48.1% by tabel 67.²⁾ Uit die gegewens volgens inrigtings blyk dit dat die vyftien dosente (3-5) wat hierdie metode taamlik dikwels tot gereeld toepas, almal aan provinsiale onderwyskolleges verbonde is.

Ten slotte is die dosente se menings vasgestel oor die mate van sukses van die verskillende soorte demonstrasielesse waarvan hulle gebruik maak of gebruik gemaak het. Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vraag is in tabel 69 saamgevat. Uit 'n ontleding daarvan blyk die volgende:

(i) Lesse wat deur studente aan hulle medestudente gegee word asof dit aan 'n skoolklas gegee word,

1) Kyk ook tabel 5.

2) Kyk ook tabel 7.

TABEL 69.

DOSENTE SE MENINGS OOR DIK MATE VAN SUKSES VAN VERSKILLENDE
SOORTE DEMONSTRASIELESSE.

	BAIE MIN		GEMIDDELD		BAIE		TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N
<u>Soorte demonstrasielesse</u>							
Lesse deur <u>studente</u> aan mede- studente asof hulle 'n skool- klas is.	27	23.9	35	31.0	51	45.2	113
Lesse deur <u>studente</u> aan skoolklasse terwyl dosente en medestudente die lesse bywoon.	30	43.4	9	13.0	30	43.4	69
Demonstrasielesse deur <u>dosente</u> aan studente asof dit aan 'n skoolklas ge- gee word.	8	8.0	30	30.3	61	61.6	99
Demonstrasielesse deur <u>dosente</u> aan studente by opleidingsinrigting of skool, waar skoolleerlinge die klas uitmaak.	22	30.6	5	6.9	45	62.6	72

word deur 45.2% van die dosente wat die vraag beantwoord het, as baie suksesvol beskou, terwyl 23.9% verklaar dat hulle baie min sukses daarmee behaal. Die mate van sukses van lesse wat studente aan skoolleerlinge lewer, word deur 'n gelyke persentasie van die betrokke dosente, t.w. 43.4% as baie en ook as baie min beskryf.

(ii) Dit blyk dus dat daar slegs 'n geringe verskil bestaan tussen die persentasie dosente wat studente se lesse aan skoolklasse of aan medestudente, as baie suksesvol beskryf, terwyl die persentasie dosente wat die sukses van lesse deur studente as baie min beskryf, groter is in die geval van lesse aan leerlinge as by dié sonder leerlinge (43.4% teenoor 23.9%).

(iii) Demonstrasielesse wat deur dosente by die opleidingsinrigtings aan studente gegee word asof dit aan 'n skoolklas gegee word, word deur 61.6% van die dosente wat die vraag beantwoord het, as baie suksesvol beskryf. Slegs 8.0% verklaar dat hulle baie min sukses met die metode het. Lesse wat deur dosente vir studente by die opleidingsinrigtings of by skole aangebied word waar skoolleerlinge die klas uitmaak, word deur 62.6% van die dosente wat die vraag beantwoord het, as baie suksesvol beskryf. Daarteenoor verklaar 30.6% dat hulle baie min sukses met die metode het.

(iv) Dit blyk dus dat ook in die geval van demonstrasielesse deur dosente daar slegs 'n geringe verskil aangedui is tussen die persentasies dosente

wat hulle eie demonstrasielesse met en sonder leerlinge as baie suksesvol beskou. Die persentasie dosente wat die sukses van hulle eie demonstrasielesse as baie min beskryf, is groter in die geval van demonstrasielesse met leerlinge as by dié sonder leerlinge, t.w. 30.6% teenoor 8.0%.

(v) Verder is dit duidelik dat die persentasie dosente wat van mening is dat hulle eie demonstrasielesse baie suksesvol is, baie hoër is as in die geval van studente se lesse, t.w. 61.6% en 62.6% teenoor 45.2% en 43.4%.

As die gegewens van tabelle 65-69 nou met mekaar vergelyk word, is dit eerstens opvallend dat, alhoewel 'n groot persentasie van die dosente (t.w. 45.2% en 43.4%) aandui dat studente se lesse baie suksesvol is, slegs 7.4% en 2.2% (tabelle 65 en 66) verklaar dat hulle gereeld van die metode gebruik maak. Tweedens is dit nog meer opvallend dat, alhoewel die meerderheid van die dosente (t.w. 61.6% en 62.6%) aandui dat hulle eie demonstrasielesse baie suksesvol is, ook slegs 7.4% en 2.2% (tabelle 67 en 68) verklaar dat hulle self gereeld demonstrasielesse vir studente gee.

Daar kan dus afgelei word dat, alhoewel dosente die waarde van die verskillende vorms van demonstrasielesse besef, slegs enkeles gereeld sulke lesse self gee of deur die studente laat gee.¹⁾

1) In die vorige hoofstuk het dit geblyk dat studente se antwoorde op soortgelyke vrae dieselfde neiging openbaar. Kyk tabelle 5-10.

TABEL 70.

DIE SAMEWERKING WAT DOSENTE TYDENS OEFENONDERWYS VAN SKOOLHOOFDE ONTVANG.

VOLGENS INRICHTINGS	1 GEEN		2 SWAK		3 GEMIDDELD		4 GOED		5 BAIE GOED		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
a) Sameerking van laerskoolhoofde												
Univ. A.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	4	100.0	0	4
Univ. B.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	33.3	2	66.6	0	3
OK. A.	1	5.8	0	0.0	3	17.6	10	58.8	3	17.6	0	17
OK. B.	0	0.0	0	0.0	2	5.0	14	35.0	24	59.9	0	40
OK. C.	0	0.0	0	0.0	4	13.3	7	23.3	18	59.9	1	30
OK. D.	1	2.8	1	2.8	1	2.8	9	25.7	19	54.2	4	35
Koll. C.	1	16.6	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	5	6
TOTAAL.	3	2.2	1	0.7	10	7.4	41	30.3	70	51.8	10	135
b) Sameerking van hoërskoolhoofde												
Univ. A.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	4	100.0	0	4
Univ. B.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	33.3	2	66.6	0	3
OK. A.	1	5.8	3	17.6	3	17.6	8	47.0	0	0.0	2	17
OK. B.	2	5.0	5	12.5	16	40.0	7	17.5	9	22.5	1	40
OK. C.	0	0.0	2	6.6	12	40.0	10	33.3	3	10.0	3	30
OK. D.	1	2.8	2	5.7	3	8.5	10	28.5	14	40.0	5	35
Koll. C.	0	0.0	0	0.0	1	16.6	3	50.0	2	33.3	0	6
TOTAAL.	4	2.9	12	8.8	35	25.9	39	28.8	34	25.1	11	135

1)

- 1) Die verskynsel dat heelwat respondente nie hierdie en die volgende vraag beantwoord het nie, kan toegeskryf word aan die feit dat sommige dosente slegs studente by laerskole besoek en ander slegs dië by hoërskole.

In die verband is dit egter belangrik om te noem dat slegs die vier provinsiale onderwyskolleges spesiale lokale vir demonstrasielesse het. Hierdie lokale is ook nie in al die gevalle bevredigend ingerig nie, bv. so dat 'n groep studente deur eenrigtingglas 'n demonstrasieles in 'n aangrensende vertrek kan volg nie.¹⁾ Die persentasie dosente wat gereeld demonstrasielesse gee of laat gee, is verder nadelig beïnvloed deur die feit dat nie alle respondente vakmetodieke doseer nie en gevolglik nie in die geleentheid gestel word om hierdie metodes toe te pas nie.²⁾

b. Oefenonderwys

Vervolgens is ondersoek ingestel na die aspekte van oefenonderwys waarmee dosente tydens hulle besoeke aan studente by die skole te doen kry.

(1) Vraag B2 wou vasstel hoedanig die samewerking is wat dosente tydens oefenonderwys van skoolhoofde en onderwysers ontvang. Volgens tabel 70 ontvang 82.1% (4+5) van die dosente goeie tot baie goeie samewerking van laerskoolhoofde teenoor 53.9% (4+5) van hoërskoolhoofde. Volgens 2.9% (1+2) van die respondente ontvang hulle geen tot swak samewerking van laerskoolhoofde teenoor 11.7% by hoërskoolhoofde.

Dit blyk dus uit bogenoemde gegewens dat dosente beter samewerking van laerskoolhoofde as van hoërskoolhoofde ontvang.

1) Soos persoonlik vasgestel.

2) Te oordeel na kommentaar van dosente.

FABEL 71.

DIE SAMEWERKING WAT DOSENTE TYDENS OEFENONDERWYS VAN ONDERWYSERS
ONTVANG.

VOLGENS INRICHTINGS	1 GEEN		2 SWAK		3 GEMIDDELD		4 GOED		5 BAIE GOED		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
a) Samewerking van laerskoolonder- wysers												
Univ. A.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	3	75.0	1	25.0	0	4
Univ. B.	0	0.0	0	0.0	2	66.6	1	33.0	0	0.0	0	3
OK. A.	1	5.8	2	11.7	4	23.5	10	58.0	0	0.0	0	17
OK. B.	0	0.0	1	2.5	9	22.5	17	42.5	13	32.5	0	40
OK. C.	0	0.0	1	3.3	8	26.6	13	43.3	8	26.6	0	30
OK. D.	3	8.5	1	2.8	6	17.1	11	31.4	12	34.2	2	35
Koll. C.	1	16.6	0	0.0	0	0.0	3	50.0	1	16.6	1	6
TOTAAL.	5	3.7	5	3.7	29	21.4	58	42.9	35	25.9	3	135
b) Samewerking van hoërskoolonder- wysers												
Univ. A.	0	0.0	0	0.0	1	25.0	3	75.0	0	0.0	0	4
Univ. B.	0	0.0	0	0.0	1	33.3	1	33.3	1	33.3	0	3
OK. A.	1	5.8	2	11.7	4	23.5	7	41.1	1	5.8	2	17
OK. B.	0	0.0	2	5.0	7	17.5	15	37.5	14	35.0	2	40
OK. C.	1	3.3	3	10.0	8	26.6	11	36.6	3	10.0	4	30
OK. D.	0	0.0	3	8.5	6	17.1	7	20.0	12	34.2	7	35
Koll. C.	0	0.0	1	16.6	0	0.0	3	50.0	2	33.3	0	6
TOTAAL.	2	1.4	11	8.1	27	20.0	47	34.8	33	24.4	15	135

Tabel 71 ontleed die samewerking wat dosente van onderwysers ontvang. Uit die gegewens van die tabel blyk dat 68.8% (4+5) van die dosente goeie tot baie goeie samewerking van laerskoolonderwysers ontvang teenoor 59.2% (4+5) by hoërskoolonderwysers. Volgens 7.4% (1+2) ontvang hulle geen tot swak samewerking van laerskoolonderwysers teenoor 9.5% (1+2) by hoërskoolonderwysers. Die antwoorde volgens inrigtings toon geen betekenisvolle verskille nie.

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat dosente van die meerderheid van die onderwysers goeie tot baie goeie samewerking ontvang en dat dosente beter samewerking van laer- as van hoërskoolonderwysers ontvang.

(2) In vraag B3 is gepoog om vas te stel volgens watter stelsels dosente-besoeke aan studente gereël word. Hierdie besonderhede is in tabel 72 saamgevat. Hieruit blyk dat van die mees gebruiklike metodes waarvolgens dosente se besoeke aan studente gereël word, soos volg deur die inrigtings toegepas word:

(a) Dosente luister elke dag of elke keer dat hulle 'n skool besoek, na die lesse van 'n ander groep studente: Hierdie metode vorm die mees algemene metode van universiteit B en onderwyskolleges A, B en C aangesien van die betrokke inrigtings onderskeidelik 100.0%, 88.2%, 55.0% en 53.3% van die respondente aandui dat hulle volgens dié metode werk. Van die totale getal dosente in die ondersoekgroep pas 48.1% die metode toe.

TABEL 72.

DIE STELSEL WAARVOLGENS DOSENTE SE BESOEKE AAN STUDENTE GEREËL WORD.

INRIOTINGS:		UNIV. A	UNIV. B	OK. A	OK. B	OK. C	OK. D	KOLL. C	TOTAAL
a) Luister elke keer (dag) na 'n nuwe groep studente.	N %	1 25.0	3 100.0	15 88.2	22 55.0	16 53.3	7 20.0	1 16.6	65 48.1
b) Luister net een keer gedurende 'n oefenonderwys-tydperk na dieselfde student.	N %	4 100.0	0 0.0	3 17.6	14 35.0	8 26.6	2 5.7	0 0.0	31 22.9
c) Luister net na studente wat in dosent se vak- of spesialiseringrigting studeer.	N %	0 0.0	1 33.3	6 35.2	22 55.0	16 53.3	15 42.8	4 66.6	64 47.4
d) Het 'n beperkte getal studente onder sy sorg en besoek hulle om die beurt om lesse aan te hoor en vordering te bespreek.	N %	0 0.0	1 33.3	1 5.8	4 10.0	3 10.0	23 65.7	1 16.6	33 24.4

(b) Dosente luister net een keer gedurende 'n oefenonderwystydperk na dieselfde student. Slegs universiteit A volg hoofsaaklik hierdie metode, terwyl 22.9% van die ondersoekgroep van die metode gebruik maak.

(c) Elke dosent luister net na studente wat in sy besondere vak- of spesialisingsrigting studeer: Onderwyskolleges B en C en Kollege C volg hoofsaaklik hierdie metode. Onderskeidelik 55.0%, 53.3% en 66.6% van hul respondente dui dienooreenkomstig aan. Uit die hele ondersoekgroep volg 47.4% die metode.

(d) Individuele dosente het 'n beperkte getal studente onder hulle sorg en besoek slegs hierdie studente om die beurt om hulle kritieklesse aan te hoor en hulle vordering te bespreek: Die metode word deur een inrigting, t.w. onderwyskollege D as hulle belangrikste metode aangedui, terwyl 24.4% van die hele ondersoekgroep van die metode gebruik maak.

Uit bostaande ontleding van tabel 72 blyk dit dus dat die stelsel waarvolgens dosente elke dag na 'n nuwe groep studente se kritieklesse gaan luister en dié waarvolgens 'n dosent slegs na studente luister wat in sy besondere vak of spesialisingsrigting studeer, die algemeenste metode is.

Alhoewel slegs een inrigting hoofsaaklik metode (d) toepas, d.w.s. die metode waarvolgens aan elke dosent 'n bepaalde groep studente toegewys word, spreek heelwat dosente hulle sterk ten gunste van so 'n reël-

TABEL 73.

OF DOSENTE DIE GELEENTHEID KRY OF SKEP OM TIDENS OEFENONDERWYS DIE
STUDENTE SE LESSE ASOOK HULLE VORDERING EN PROBLEME MET DIE BETROKKE
ONDERWYSERS TE BESPREEK.

VOLGENS INRICHTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Univ. A.	0	0.0	0	0.0	1	25.0	2	50.0	0	0.0	1	4
Univ. B.	1	33.3	1	33.3	0	0.0	1	33.3	0	0.0	0	3
OK. A.	2	11.7	6	35.2	5	29.4	3	17.6	1	5.8	0	17
OK. B.	2	5.0	5	12.5	16	40.0	11	27.5	6	14.9	0	40
OK. C.	6	20.0	12	40.0	7	23.3	4	13.3	1	3.3	0	30
OK. D.	4	11.4	14	40.0	10	28.5	3	8.5	4	11.4	0	35
Koll. C.	4	66.6	1	16.6	1	16.6	0	0.0	0	0.0	0	6
TOTAAL.	19	14.0	39	28.8	40	29.6	24	17.7	12	8.8	1	135

TABEL 74.

OF DOSENTE DIE GELEENTHEID SKPE OM STUDENTE SE KRITIEKLESSE IN DIE
STUDENTEGROEP TE BESPREEK.

VOLGENS INRICHTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Univ. A.	0	0.0	0	0.0	1	25.0	1	25.0	1	25.0	1	4
Univ. B.	2	66.6	0	0.0	0	0.0	1	33.3	0	0.0	0	3
OK. A.	3	17.6	1	5.8	1	5.8	1	5.8	11	64.7	0	17
OK. B.	2	5.0	3	7.4	2	5.0	11	27.5	22	55.0	0	40
OK. C.	0	0.0	1	3.3	1	3.3	2	6.6	26	86.6	0	30
OK. D.	1	2.8	0	0.0	1	2.8	5	14.2	28	80.0	0	35
Koll. C.	0	0.0	2	33.3	2	33.3	1	16.6	1	16.6	0	6
TOTAAL.	8	5.9	7	5.1	8	5.9	22	16.2	89	65.9	1	135

ing uit in die ruimte wat vir die doel op die vraelys voorsien is.

(3) Vraag B4 word gewy aan 'n ondersoek na die verskillende wyses van lesbespreking wat dosente tydens hulle besoeke aan oefenskole met onderwysers en met die studente voer.

(a) Eerstens wou vasgestel word hoe dikwels dosente die geleentheid kry of skep om studente se lesse, hulle vordering en probleme met die onderwysers onder wie se sorg studente geplaas is, te bespreek. 'n Ontleding van tabel 73 toon dat 42.8% (1+2) van die respondente nooit of slegs af en toe sulke besprekings met die betrokke onderwysers voer, terwyl 56.1% (3-5) taamlik dikwels tot altyd hierdie prosedure volg.¹⁾

'n Ontleding volgens inrigtings toon dat die 8.8% dosente wat aandui dat hulle altyd die studente se vordering en probleme met die betrokke onderwysers bespreek, almal aan provinsiale onderwyskolleges verbonde is.

(b) Tweedens is nagegaan of en hoe dikwels dosente die geleentheid kry of skep om studente se kritieklesse in die studentegroep te bespreek. Uit die gegewens van tabel 74 blyk dat by die meerderheid van die respondente hierdie gebruik 'n vaste prosedure is, aangesien 65.9% verklaar dat hulle

1) Kyk ook tabel 148.

TABEL 75.

OF DOSENTE DIE GELEENTHEID SKEP OM 'N STUDENT SE KRITIEKLESSE INDIVIDUEEL MET HOM TE BESPREEK.

VOLGENS INRICHTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAANLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN AFT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Univ. A.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	25.0	3	75.0	0	4
Univ. B.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	3	100.0	0	3
OK. A.	0	0.0	1	5.8	2	11.7	4	23.5	10	58.8	0	17
OK. B.	0	0.0	3	7.4	1	2.5	4	10.0	32	80.0	0	40
OK. C.	0	0.0	1	3.3	7	23.3	12	40.0	9	29.9	1	30
OK. D.	0	0.0	3	8.5	3	8.5	7	20.0	22	62.8	0	35
Koll. C.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	2	33.3	4	66.6	0	6
TOTAAL.	0	0.0	8	5.9	13	9.6	30	22.2	83	61.4	1	135

TABEL 76.

DOSENTE SE EVALUERING VAN ENKELE METODES VAN BESPREEKING.

	1 BAIE MIN		2 GEMIDDELD		3 BAIE		TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N
Bespreking van studente se lesse, vordering en probleme met die betrokke onderwyser.	45	36.9	31	25.4	46	37.7	122
Bespreking van kritieklesse in studentegroep.	6	4.7	11	8.6	111	86.7	128
Bespreking van kritieklesse met individuele studente.	2	1.5	10	7.6	119	90.8	131

altd studente se kritieklesse in die studentegroep bespreek.¹⁾

'n Ontleding volgens inrigtings toon dit baie duidelik dat die meerderheid van die respondente van die vier provinsiale onderwyskolleges altd hierdie metode toepas. By onderwyskolleges C en D is hierdie persentasies respektiewelik 86.6% en 80.0%.

(c) Derdens is probeer vasstel hoe dikwels dosente die geleentheid kry of skeep om 'n student se kritieklesse individueel met hom te bespreek. Uit die gegewens van tabel 75 is dit duidelik dat ook hierdie gebruik 'n vaste prosedure by die meerderheid dosente is, aangesien 61.4% verklaar dat hulle altd die metode volg terwyl daar geen dosent is wat nooit die metode toepas nie.

(d) In tabel 76 is probeer om die sukses van die bogenoemde drie metodes vas te stel. Die tabel toon die volgende:

(i) Die gebruik van dosente om studente se lesse asook hulle vordering en probleme met die onderwysers onder wie se sorg hulle geplaas word, te bespreek, word deur 37.7% van die dosente wat die vraag beantwoord het, as baie suksesvol aangedui.

Feitlik 'n gelyke persentasie, t.w. 36.9% dui die sukses van hierdie gebruik as baie min aan terwyl 25.4% dit as gemiddeld beskryf.

1) Hierdie bevinding stem in 'n mate ooreen met die verklaring van student-respondente, behalwe dat 'n veel groter persentasie dosente as studente verklaar dat studente gereeld aan die bespreking van kritieklesse deelneem. (Vergelyk tabel 54).

Alhoewel die meerderheid van die respondente, t.w. 62.3% (1+2) hierdie gebruik dus nie as baie suksesvol reken nie, moet in gedagte gehou word dat, soos uit tabel 73 geblyk het, slegs 26.5% (4+5) van die dosente die metode dikwels tot altyd toepas.

(ii) Die gebruik van dosente om studente se kritieklesse in die studentegroep te bespreek, word deur 86.7% van die dosente wat die vraag beantwoord het, as baie suksesvol aangedui, terwyl 4.7% die sukses as baie min en 8.6% dit as gemiddeld beskryf. Die groot meerderheid van die respondente bevestig dus dat die gebruik om studente se kritieklesse in die studentegroep te bespreek, baie suksesvol is.

Aangesien dit uit tabel 74 geblyk het dat 88.0% (3-5) van die betrokke dosente hierdie gebruik taamlik dikwels tot altyd toepas, kan afgelei word dat die grootste persentasie van hierdie dosente wel baie sukses met die metode het.

(iii) Die bespreking van kritieklesse met individuele studente word deur die oorgrote meerderheid van die betrokke dosente, t.w. 90.8% as baie suksesvol beskryf. Slegs 1.5% beskryf die gebruik as baie min en 7.6% as gemiddeld suksesvol. Aangesien dit uit tabel 75 geblyk het dat die metode deur 93.2% (3+5) van die betrokke dosente taamlik dikwels tot gereeld toegepas word, kan ook hier afgelei word dat die grootste persentasie van hierdie dosente die metode baie suksesvol vind.

Samevattend word dit dus duidelik dat die oorgrote meerderheid van die respondente die kritiek

TABEL 77.

OF DOSENTE DIE KLAS- OF VAKONDERWYSEKS NOOI OM SAAM MET HULLE DIE STUDENTE SE KRITIEKLESSE BY TE WOON.

VOLGENS INRICHTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Univ. A.	0	0.0	1	25.0	0	0.0	2	50.0	1	25.0	0	4
Univ. B.	2	66.6	0	0.0	1	33.3	0	0.0	0	0.0	0	3
OK. A.	2	11.7	4	23.5	4	23.5	6	35.2	1	5.8	0	17
OK. B.	19	47.5	7	17.5	11	27.5	2	5.0	1	2.5	0	40
OK. C.	19	63.3	6	20.0	4	13.3	1	3.3	0	0.0	0	30
OK. D.	21	59.9	6	17.1	6	17.1	1	2.8	1	2.8	0	35
Koll. C.	4	66.6	1	16.6	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	6
TOT. AL.	67	49.6	25	18.5	26	19.2	12	8.8	4	2.9	1	135

TABEL 78.

OF DOSENTE DIE KLAS- OF VAKONDERWYSER NOOI OM DEEL TE NEEM AAN DIT
BESPREKING VAN STUDENTE SE KRITIEKLESSE.

VOLGENS INRICHTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Univ. A.	1	25.0	0	0.0	1	25.0	2	50.0	0	0.0	0	4
Univ. B.	2	66.6	0	0.0	1	33.3	0	0.0	0	0.0	0	3
OK. A.	7	41.1	5	29.4	2	11.7	1	5.8	1	5.8	1	17
OK. B.	26	65.0	7	17.5	6	14.9	0	0.0	1	2.5	0	40
OK. C.	25	83.3	3	10.0	0	0.0	2	6.6	0	0.0	0	30
OK. D.	24	68.5	5	14.2	6	17.1	0	0.0	0	0.0	0	35
Koll. C.	5	83.3	0	0.0	1	16.6	0	0.0	0	0.0	0	6
TOTAAL.	90	66.6	20	14.8	17	12.5	5	3.7	2	1.4	1	135

lesse in die studentegroepe en met individuele studente gereeld bespreek en hierdie metodes baie suksesvol vind. Die gebruik om studente se vordering en probleme met die betrokke onderwysers te bespreek, word wel deur die meerderheid van die betrokke dosente (t.w. 56.1%) taamlik dikwels tot gereeld toegepas, maar word deur slegs 37.7% as baie suksesvol beskryf.

(4) Vraag B5 beoog om vas te stel in watter mate dosente die klas- of vakonderwysers nooit om studente se kritieklesse en die daaropvolgende besprekings by te woon.

(a) Eerstens wou vasgestel word hoe dikwels onderwysers genooi word om studente se kritieklesse saam met die dosente by te woon. Die antwoorde op die vraag word in tabel 77 saamgevat. Uit 'n algemene ontleding van die tabel blyk dat amper die helfte (t.w. 49.6%) van die dosente nooit die onderwysers nooit om studente se kritieklesse by te woon nie, terwyl 'n verdere 18.5% af en toe daartoe oorgaan. Slegs 2.9% volg altyd hierdie prosedure terwyl 28.0% (3+4) dit taamlik dikwels tot dikwels doen.¹⁾

(b) Tweedens word in tabel 78 aangetoon hoe dikwels dosente die klas- of vakonderwysers nooit om deel te neem aan die bespreking van studente se kritieklesse. Dit blyk dat die grootste persentasie (t.w. 66.6%) van die respondente nooit hierdie prosedure volg nie, terwyl 14.8% dit slegs af en toe doen.

1) Kyk ook tabel 137.

TABEL 79.

DOSENTE SE MENINGS OOR DIE WAARDE VAN DIE GEBRUIK OM
ONDERWYSERS TE NOOI OM STUDENTE SE KRITIEKLESSE EN DIE
BESPREKING VAN SODANIGE LESSE BY TE WOON.

	1		2		3		TOTAAL
	BAIE MIN		GEMIDDELD		BAIE		N
	N	%	N	%	N	%	N
Onderwysers woon saam met dosente studente se kritieklesse by.	48	52.7	18	19.8	25	27.5	91
Onderwysers neem deel aan die bespreking van studente se kritieklesse.	49	57.6	14	16.5	22	25.9	85

TABEL 80.

DIE UITGANGSPUNT EN METODES WAARVOLGENS DOSENTE KRITIEKLESSE
BEOORDEEL.

	1		2		3		GEEN		TOTAAL
	NOOIT		SOMS		ALTYD		ANTWOORD		N
	N	%	N	%	N	%	N	%	N
<u>Uitgangspunt</u>									
a) Beoordeel die sukses van 'n les.	0	0.0	57	42.2	59	43.7	19	14.1	135
b) Beoordeel die student as toekomstige onderwyser.	1	0.7	56	41.4	57	42.2	21	15.6	135
<u>Metode</u>									
a) Trek punte van 100 af soos die les vorder.	86	63.7	7	5.2	0	0.0	42	31.1	135
b) Gee soos die les vorder, punte vir onderafdelings.	37	27.4	48	35.6	22	16.3	28	20.7	135
c) Gee na afloop van die les 'n globale punt.	10	7.4	31	23.0	86	63.7	8	5.9	135

17.6% (3+4) volg die prosedure taamlik dikwels tot altyd.¹⁾

(c) Vervolgens word in tabel 79 die dosente se menings oor die waarde van die bogenoemde twee gebruike aangetoon.

Hiervolgens blyk dit eerstens dat 48 (52.7%) van die 91 dosente wat die vraag beantwoord het, van mening is dat dit baie min waarde het om onderwysers te nooi om saam met dosente die studente se kritieklesse by te woon. Negentien punt agt persent (19.8%) is van mening dat hierdie gebruik 'n gemiddelde waarde het en 27.5% dat dit baie waarde het. Soos geblyk het uit tabel 96 het slegs 67 dosente (kolomme 2-5) egter aangedui dat hulle in 'n mindere of meerdere mate van die metode gebruik maak. Meer dosente as wat die metode werklik toepas, het dus hier 'n mening oor die waarde van die betrokke metode uitgespreek.

Dit blyk tweedens uit tabel 79 dat 49 (57.6%) van die 85 dosente wat die vraag beantwoord het, van mening is dat die gebruik van dosente om onderwysers ook die bespreking van studente se kritieklesse te laat bywoon, baie min waarde het. Die waarde word deur 16.5% as gemiddeld en deur 25.9% as baie aangedui. Dit moet egter ook in hierdie geval in aanmerking geneem word dat meer dosente as die 44 (kolomme 2-4) wat volgens tabel 78 in 'n mindere of meerdere mate van die metode gebruik maak, die betrokke vraag beantwoord het.

1) Kyk ook tabel 138.

Samevattend blyk dit dus dat die meerderheid van die dosent-respondente nooit of slegs af en toe die klas- of vakonderwysers onder wie se sorg studente hulle oefenonderwys gee, uitnooi om saam met hulle die studente se kritieklesse en die daaropvolgende besprekings by te woon.

Dit blyk verder dat die meerderheid van die dosente wat die betrokke twee vrae beantwoord het, die waarde van bogenoemde praktyke as baie min aandui. Veel waarde kan egter nie aan die gegewens van tabel 79 geheg word nie, aangesien die betrokke vrae deur meer dosente beantwoord is as wat volgens tabelle 77 en 78 werklik ondervinding van die metodes onder bespreking het.

(5) Vervolgens is in vraag B6 ondersoek ingestel na die verskillende uitgangspunte en metodes waarvolgens dosente studente se kritieklesse evalueer.

'n Ontleding van tabel 80 bring die volgende ten opsigte van die moontlike uitgangspunte aan die lig:

(a) Beoordeel die sukses van 'n les: Al die dosente wat hierdie vraag beantwoord het, t.w. 85.9% (2+3), verklaar dat hulle in 'n mindere of meerdere mate van hierdie standpunt uitgaan as hulle 'n kritiekles beoordeel.

(b) Beoordeel die student as toekomstige onderwyser: Die groot meerderheid van die dosente t.w. 83.6% (2+3) gaan in 'n mindere of meerdere mate van hierdie standpunt uit.

Uit bogenoemde gegewens is dit duidelik dat feitlik gelyke persentasies van die dosente die twee gestelde moontlikhede as hulle uitgangspunte by die beoordeling van kritieklesse aandui. Die dosente beskou dit dus as ewe belangrik om by die beoordeling van 'n les die sukses van die les asook die student as toekomstige onderwyser te beoordeel.

Ten opsigte van die moontlike metodes waarvolgens lesse beoordeel kan word, antwoord die dosente soos volg:

(i) Trek punte van 100 af soos die les vorder: 63.7% van die respondente verklaar dat hulle nooit hierdie metode toepas nie terwyl slegs 5.2% soms van die metode gebruik maak. 'n Betrekkelike groot persentasie, t.w. 31.1% het nie die vraag beantwoord nie.

(ii) Gee soos die les vorder, punte vir onderafdelings: 27.4% maak nooit van hierdie metode gebruik nie, terwyl 51.9% (2+3) die metode in 'n mindere of meerdere mate toepas. Die vraag is deur 20.7% nie beantwoord nie.

(iii) Gee na afloop van die les 'n globale punt: Die meerderheid van die dosente, t.w. 63.7% maak altyd en 23.0% maak soms van die metode gebruik.

Samevattend blyk dit dus dat die algemeenste metode waarvolgens dosente studente se kritieklesse beoordeel, die gebruik is om na afloop van die les 'n globale punt vir die les toe te ken.

TABEL 81.

OF DOSENTE DIE GELEENTHEID SKEP OM NA AFLOOP VAN 'N OEFENONDERWYSTIDPERK DIDAKTIESE PROBLEME WAT STUDENTE TYDENS OEFENONDERWYS ONDERVIND HET BY DIE OPLEIDINGSINRICHTING, TE BESPREEK.

VOLGENS INRICHTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Univ. A.	0	0.0	0	0.0	1	25.0	1	25.0	2	50.0	0	4
Univ. B.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	33.3	2	66.6	0	3
OK. A.	2	11.7	7	41.1	2	11.7	3	17.6	3	17.6	0	17
OK. B.	3	7.4	2	5.0	7	17.5	7	17.5	21	52.5	0	40
OK. C.	0	0.0	0	0.0	4	13.3	13	43.3	12	40.0	1	30
C. D.	1	2.8	2	5.7	11	31.4	8	22.8	13	37.1	0	35
Koll. C.	0	0.0	0	0.0	1	16.6	2	33.3	3	50.0	0	6
TOTAAL.	6	4.4	11	8.1	26	19.2	35	25.9	56	41.4	1	135

TABEL 82.

OF DOSENTE DIE GELEENTHEID SKEP VIR STUDENTE OM BESONDER GOEIE KRITIKLESSE VOOR STUDENTE IN DIE KLAS TE HERHAAL.

VOLGENS INRICHTINGS	1 NOOIT		2 AF EN TOE		3 TAAMLIK DIKWELS		4 DIKWELS		5 ALTYD		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Univ. A.	4	100.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	0.0	0	4
Univ. B.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	33.3	2	66.6	0	3
OK. A.	8	47.0	4	23.5	3	17.6	2	11.7	0	0.0	0	17
OK. B.	25	62.5	5	12.5	3	7.4	4	10.0	2	5.0	1	40
OK. C.	16	53.3	7	23.3	3	10.0	3	10.0	1	3.3	0	30
OK. D.	14	40.0	10	28.5	2	5.7	4	11.4	4	11.4	1	35
Koll. C.	3	50.0	1	16.6	1	16.6	1	16.6	0	0.0	0	6
TOTAAL.	70	51.8	27	20.0	12	8.8	15	11.1	9	6.6	2	135

(6) Vraag B7 wil vasstel in watter mate opvolgwerk na afloop van oefenonderwystydperke by die opleidingsinrigtings gedoen word.

(a) In die eerste plek is nagegaan in watter mate dosente die geleentheid skep om didaktiese probleme wat studente tydens oefenonderwys ondervind het, te bespreek. Hierdie besonderhede is in tabel 81 saamgevat. Uit 'n algemene ontleding van die tabel blyk dit dat 41.4% van die dosente altyd die geleentheid vir sulke opvolgwerk skep, terwyl 'n verdere 45.1% (3+4) dit taamlik dikwels tot dikwels doen en 8.1% af en toe. Slegs 4.4% verklaar dat hulle nooit hierdie metode toepas nie.

(b) Tweedens is nagegaan of dosente studente die geleentheid gee om besonder goeie kritieklesse voor medestudente in die klasgroep te herhaal. Soos blyk uit 'n algemene ontleding van tabel 82 word hierdie metode deur 51.8% van die dosente nooit toegemas nie terwyl 20.0% af en toe die geleentheid daarvoor skep. 26.5% pas die metode taamlik dikwels tot dikwels toe.

'n Ontleding volgens inrigtings toon aan dat universiteit A nooit hierdie metode toepas nie terwyl universiteit B dit gereeld (dikwels tot altyd) doen.

(c) Vervolgens is die dosente se menings oor die sukses van die bogenoemde twee gebruike vasgestel.

Tabel 83 laat blyk dat 87 (68.5%) van die 127 dosente wat die vraag beantwoord het, van mening is

TABEL 82.

BEOORDELING VAN DIE GEBRUIK 1) OM NA AFLOOP VAN 'N OEFENONDERWYSTYDPERK DIDAKTIESE PROBLEME WAT STUDENTE ONDERVIND HET, TE BESPREEK EN 11) OM BESONDER GOEIE KRITIEKLESSE TE LAAT HERHAAL.

	1 BAIE MIN SUKSES		2 GEMIDDELTE SUKSES		3 BAIE SUKSES		TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N
Bespreking van didaktiese probleme wat studente tydens oefenonderwys ondervind het.	11	8.7	29	22.8	87	68.5	127
Herhaling van besonder goeie kritieklesse voor studente.	43	45.3	17	17.9	35	36.8	95

TABEL 84.

DIE WAARDE WAT OEFENONDERWYS VIE DOSENTE SELF HET.

	BAIE MIN		GEMIDDELD		BAIE		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	N
Dit verskaf di+ geleentheid om:								
a) Studente onder werklike skooltoestande te sien optree.	8	5.8	9	6.6	115	85.1	3	135
b) Studente se professionele hoedanighede vas te stel.	4	2.9	24	17.7	104	77.0	3	135
c) Kontak met die praktiese onderwys te behou.	16	11.8	25	18.5	87	64.4	7	135
d) Kontak met die skolepersoneel te behou.	34	25.1	38	28.1	57	42.1	6	135

dat die gebruik om didaktiese probleme wat studente tydens oefenonderwys ondervind het te bespreek, baie suksesvol is, terwyl 22.8% die sukses as gemiddeld aandui en 8.7% dit as baie min bestempel.

Wat die herhaling van besonder goeie kritiek=lesse deur studente betref, blyk dit dat 36.8% hierdie gebruik as baie suksesvol aandui terwyl 17.9% dit as gemiddeld beskryf. Die metode word egter as baie min suksesvol beskou deur 45.3%. Daar moet op ge=let word dat hierdie vraag deur 95 dosente beantwoord is terwyl volgens tabel 82 slegs 65 dosente (kolomme 2-5) die metode in 'n mindere of meerdere mate toepas.

Samevattend blyk dit dus dat die meerderheid van die dosente gereeld (dikwels tot altyd) die geleent=heid skep om na afloop van 'n oefenonderwystydperk, didaktiese probleme wat studente tydens oefenonderwys ondervind het, te bespreek en dat die meerderheid hierdie gebruik baie suksesvol vind.

Die gebruik om studente die geleentheid te gee om besonder goeie kritieklesse voor hulle medestudente in die klas te herhaal, word deur die meerderheid van die dosente (70.0%) nooit of slegs af en toe gevolg. Alhoewel die mate van sukses van hierdie gebruik deur 'n redelike hoë persentasie, t.w. 45.3% as baie min aangedui word, kan nie veel waarde aan hierdie be= vinding geheg word nie, aangesien meer dosente as wat die metode toepas, hulle ongunstig oor die sukses van die metode uitgespreek het.

(7) In vraag B8(a) word gepoog om vas te stel watter van vier genoemde aspekte van oefenonderwys

wys relatief die swaarste weeg by die dosente. Die besonderhede van die antwoorde op hierdie vrae is in tabel 84 saamgevat. Daaruit blyk die volgende:

Die feit dat oefenonderwys dosente in die geleentheid stel om studente onder werklike skooltoestande te sien optree, word deur 85.1% van die respondentes as baie waardevol aangedui. Die moontlikheid dat oefenonderwys dosente in staat stel om studente se professionele hoedanighede vas te stel, beskryf 77.0% as baie waardevol. Verder verklaar 64.4% dat die kontak wat hulle as gevolg van oefenonderwys met die werklike onderwys behou, baie waardevol is, terwyl 42.1% die kontak met die skoolpersoneel as baie waardevol beskou.

Uit bostaande ontleding is dit dus duidelik dat die belangrikste waarde wat oefenonderwys vir dosente het, die feit is dat hulle die studente onder werklike skooltoestande kan sien optree en dat hulle studente se professionele bekwaamhede kan vasstel. Die kontak wat dosente as gevolg van oefenonderwys met die praktiese onderwys en met die skoolpersoneel kan behou, is te oordeel na die gegewens, vir dosente nie so belangrik as die vorige twee aspekte nie.

(8) Ten slotte is dosente in vraag B8(b) versoek om aan te dui in watter mate die gebruik dat dosente skole besoek om studente se lesse aan te hoor na hulle mening die tyd en koste daaraan verbonde, regverdig.

TABEL 35.

OF DIE PRAKTYK DAT DOSEENTE SKOLE BESOLK OM LESSE AAN TE HOOR, DIE TYD EN KOSTE DAARAAN VERBONDE, REGVERDIG.

VOLGENS INRICHTINGS	1 GLAD NIE		2 IN GERINGE MATE		3 GEMIDDELD		4 IN HOOG MATE		5 HEELTEMAL		GEEN ANT- WOORD	TOTAAL
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	N
Univ. A.	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	25.0	3	75.0	0	4
Univ. B.	0	0.0	1	33.3	0	0.0	1	33.3	1	33.3	0	3
OK. A.	2	11.7	1	5.8	5	29.4	5	29.4	3	17.6	1	17
OK. B.	1	2.5	4	10.0	3	7.4	11	27.5	18	45.0	3	40
OK. C.	1	3.3	3	10.0	9	29.9	13	43.3	4	13.3	0	30
OK. D.	0	0.0	0	0.0	3	8.5	11	31.4	20	57.1	1	35
Koel. C.	0	0.0	0	0.0	1	16.6	0	0.0	5	83.3	0	6
TOTAAL.	4	2.9	9	6.6	21	15.5	42	31.1	54	40.0	5	135
VOLGENS DOSEER- ERVARING IN JARE												
0 - 1	0	0.0	2	22.2	5	55.5	1	11.1	1	11.1	0	9
1 - 2	0	0.0	0	0.0	0	0.0	1	16.6	5	83.3	0	6
2 - 5	0	0.0	3	8.8	9	26.4	9	26.4	12	35.2	1	34
5 - 10	1	2.0	3	6.2	3	6.2	19	39.5	21	43.7	1	48
10 - 20	2	7.1	1	3.5	3	10.7	9	32.1	10	35.7	3	28
20+	1	10.0	0	0.0	1	10.0	3	29.9	5	50.0	0	10
TOTAAL.	4	2.9	9	6.6	21	15.5	42	31.1	54	40.0	5	135

Uit 'n algemene ontleding van tabel 85 blyk dit dat 40.0% van die respondente verklaar dat die gebruik heeltemal die tyd en koste daaraan verbonde regverdig, terwyl 'n verdere 31.1% aandui dat dit in 'n hoë mate geregverdig is. Die grootste persentasie dosente meen dus dat hierdie aspek van die opleidingsprogram 'n nuttige doel dien.

Uit die ontleding volgens doseerervaring is dit opmerklik dat die 2.9% wat aandui dat die gebruik glad nie die tyd en koste daaraan bestee, regverdig nie, uit ervare dosente met vyf jaar en langer doseerervaring bestaan.